I & J visplaasprojek op 50/50 vertoon

'n Volledige program oor Mosselbaai en die I&J Visplaasprojek word op Maandagaand, 19 Januarie om 19:30 op die televisieprogram 50/50 op SABC2 uitgesaai.

Die 50/50 span het reeds gedurende Oktober verlede jaar besoek in Mosselbaai afgelê, op uitnodiging van die Midbrak Bewarea.

Tydens hul besoek aan Mosselbaai, het die Midbrak Bewarea 'n petisieveldtog gelood om die publiek se teenkanting teen die voorgestelde visplaas te bevestig. Binne enkele dae het meer as 1000 persone die petisie lyste geteken.

Tydens hul besoek, was daar onderhoude gevoer met voorsitters van verskeie Bewareas in die omgewing, persone in die toerisme bedryf asook met die nou bekende Ryan Johnson van SAMPLA wat die dokumentêre program:

● Na bladsy 2

I & J visplaasprojek

● Van bladsy 1

SHARKVILLE (Mosselbaai) vir National Geographic vervaardig het.

Daar was ook lugfoto's geneem vanuit Botlierskop Game Reserve se helikopter en die filmspan het ook ook die geleentheid tot walvis- en rob besigtiging danksy Romonza se vriendelike diens, gehad.

Selfs die haaie was van naderby beskou tydens 'n duik geleentheid saam met die span van die White Shark Africa.

Na afloop van die 50/50 span se besoek aan Mosselbaai, het die filmspan na Kaapstad vertrek om onderhoude te voer met instansies soos die Departement van Omgewingsake en Toerisme, CCA Environmental wat verantwoordelik was vir die Basiese Invloedbepalingsverslag wat in Mosselbaai gedoen is, Marine and Coastal Management, Professor Colin Attwood (Departement Dierekunde by die Universiteit Kaapstad) asook Nan Rice van die Dolfyn Aksie en Beskermingsgroep.

Al die besware en kommentaar van die inwoners van Mosselbaai was deurgestuur na die Departement van Omgewingsake en Toerisme en daar word tans hieroor besluit.

Navrae in verband met die I&J Visplaasprojek, kan gerig word aan me Tina Bronkhorst van die Midbrak Bewarea by telefoon 044-6202190.